**Afrikaner Volksparty**

VRYHEID VOLK VADERLAND

Posbus 785
Faerie Glen
0043

**Faks:** 086 693 9334 **E-pos:** sekretarisavp@vox.co.za **Web:** www.afrikanervolksparty.org.za


# Mediaverklaring (13/2008)

25 Oktober 2008

## Algehele ineenstorting onder ANC

Meer as een profeet het reeds jare gelede hierdie donker tyd van algehele ineenstorting vir Suid-Afrika voorspel. Nie alleen is dit die swart etniese geweld wat Suid-Afrika op sy knieë gaan dwing nie, maar ook die ekonomiese ineenstorting wat reg voor ons deur wag om ons finaal te vernietig, die twee sake wat soos voorspel is hand aan hand sal plaasvind.

Die skrif teen die muur van hierdie donker stuk geskiedenis van Suid-Afrika word al meer sigbaar nadat buitelanders in die eerste drie weke van Oktober 'n rekordgetal van R22,6 miljard se Suid-Afrikaanse aandele verkoop het. Die reuse tekort op die lopende rekening wat reeds 'n paar jaar onder ANC-bewind voortduur, word nou daarvoor geblameer.

Volgens ekonome is nie een van die vyf potensiële oplossings nou meer werkbaar nie en kan die rand se val nie meer gestuit word nie.

1. Daar kan geen buitelandse reserwes deur die Reserwebank verkoop word nie omdat daar nie genoeg reserwes oor is soos onder vorige blanke bewind die geval was nie.

2. Die rentekoerse kan nie suksesvol gelig word nie want al sou dit buitelandse korttermynkapitaal lok, is die meeste buitelandse kapitaal tans bevries.

3. Indien daar van die Monetêre Fonds hulp gevra word, plaas die latere terugbetaling daarvan Suid-Afrika in presies dieselfde posisie as in 1998 toe die reserwes opgedroog het.

4. Valutabeheer oor buitelanders sal Suid-Afrika net te duur te staan kom soos in die verlede toe dit ook nie suksesvol was nie omdat buitelandse ondernemings valutabeheer nie vertrou nie.

5. Daar kan ook nie langer kapitaal uit die buiteland verkry word op ander wyses nie aangesien dit tans alles bevries is en die sowat 6 persentasiepunte waarteen dit dalk geleen sou kon word, hoër is as die koerse waarteen staatskuld tans in die buiteland verkoop word.

**Kortom, Suid-Afrika staan voor 'n onoorbrugbare ekonomiese krisis wat tesame met die etniese geweld kan sneeubal tot die grootste potensiële burgerbloedbad wat die wêreld nog ooit aanskou het.**

Jeanette Koekemoer

Dagbestuurslid